**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

**die WAPAD**
*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1161

JAARGANG XXI | WOENSDAG 18 MEI 1966 | No. 6

# KAAPSE STUDENTE REAGEER OP AANVAL VAN NUX

## „P.U. is ultra-konserwatief"

**DIE aanval van NUX, studentekorant van die Universiteit van Natal, op die Potchefstroomse Universiteit, is vandeesweek ontmasker as „a storm in a tea cup caused by misinformed mischief-makers," volgens 'n berig op Woensdag 11 Mei in Varsity, studentekoerant van die Universiteit van Kaapstad.**

**Die berig lui dat die aanval van die Natalse Universiteit op die P.U. se „bekrompe hoërskool atmosfeer" deur die prinsipaal van die Natalse Universiteit weerlê is as die werk van 'n aantal „verkeerdelik ingeligte kwaadstokers."**

Ondanks die weerlegging, gaan Varsity ook voort om die P.U. by sy lesers in 'n swak lig te stel en voor te hou as die vesting van 'n ultra-konserwatiewe groepie mense wat waarskynlik nie in staat is om die aantygings van NUX te weerlê nie.

Die bewering dat die Engelstalige studentekoerante die „klein boetie van die Engelstalige pers in Suid-Afrika" is, soos onlangs in Die Wapad verklaar, het hewige reaksie in Varsity ontlok. In drie berigte op twee bladsye is na die bewering verwys.

In 'n hoofartikel sê die koerant dat Die Wapad nie een van die aanvalle van NUX kon weerspreek nie, maar in stede daarvan die Engelstalige studentepers beskuldig dat hy die klein boetie van die Engelstalige pers is, en slegs kwaadwillige artikels oor die Afrikaanse universiteite publiseer.

Varsity ontken dat die Engelstalige studentekoerante die Afrikaanse student in 'n swak lig wou stel.

Die Engelstalige studentekoerante poog voortdurend om 'n volledige beeld van die Afrikaanse student te gee, maar word ongelukkig in die proses deur die A.S.B.-beheerde Afrikaanse Studente-persunie in die wiele gery, sê die hoofartikel.

Volgens die voorsitter van Aspu sal 'n persverklaring binnekort in die verband uitgereik word.

● „Ons nooi die redaksie van Nux uit om 'n besoek aan die P.U. te bring ten einde hulle foutiewe en kwaadwillige berig reg te stel," **het** die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Frans van der Walt, in 'n onderhoud gesê.

## Uitstalling



**Dr. D. van Eeden van die Departement Mikrobiologie aan die P.U. verduidelik die werking van apparaat aan lede van die publiek tydens die onlangse Landboutentoonstelling op Potchefstroom. Die Universiteit het gesorg vir een van die hoogtepunte op die tentoonstelling. Lees berig op bladsy 5.**

**Foto: Fotokuns**

# STUDENTE ONKUNDIG EN ONVERSKILLIG OOR LANDSAKE

**Suid-Afrikaanse studente is betreurenswaardig onverskillig en het 'n oppervlakkige selfgenoegsaamheid teenoor landsake. Die naïewe onkunde oor onderwerpe wat nie hul studies regstreeks raak nie, is soms skrikwekkend, volgens 'n gedenkskrif van die Duits-Afrikaanse Studente-unie van die Universiteit van Pretoria.**

Hiervolgens stel mense wat gesprekke met studente voer, herhaaldelik vas dat hulle min lees, geen probleme bespreek nie en ernstige gesprekke graag in waar moontlik, vermy.

**ONTBREEK**

Hulle doen net die allerbelangrikste vir 'n eksamen, wat geslaag moet word om vinnig tot 'n gewaarborgde en beter sosiale posisie te lei Wat ontbreek, is besprekings en werklike kritiese denke, en nie dit wat nodig is om 'n opsomming van iets uit 'n paar boeke te doen nie, meen die gedenkskrif.

**WEERLOOS**

**Teenoor die spitsvondige argumente van kritiese buitelanders is hulle feitlik weerloos en tevrede met 'n sentimentele gevoeligheid, lui die gedenkskrif.**

Dit is die mening dat die neiging in Suid-Afrika besonder groot gevare kan meebring. Want die wêreldrewolusie van die nieblanke bedreig die Suid-Afrikaner se lewenskrag tot aan sy wortels en verwikkel hulle in 'n kompromislose stryd om 'n bestaan.

● Die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, is een van die beskermhere van die Unie van Duits-Afrikaanse studente.

## Aanbeveel vir Abe Bailey

**Die Rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle het reeds twee kandidate by die trustees vir die toekenning van vanjaar se Abe Bailey-reisbeurse aanbeveel. Hulle is mnr. A. S. de Beer, tans direkteur van die departement publikasies van die A.S.B. en voorsitter van die Afrikaanse Studente-persunie, en mnr. Willie Coetzee, bekende Springbokatleet van die P.U. en verteenwoordiger van die Sentrale Sportbestuur op die Studenteraad.**

## Twee bedank uit Studenteraad

Twee Studenteraadslede het onlangs bedank. Hulle is:

Mnr. Nico van der Merwe, mede-verteenwoordiger van die A.B.K.K. en mnr. Lourens Aucamp, mede-verteenwoordiger van Korps Veritas Vincet.

## Beginsels is in gedrang

DIE hele aangeleentheid oor die laakbare artikel wat studente van die Natalse Universiteit oor die P.U. vir C.H.O. geskryf het, is nou ook deur 'n ander studentekoerant aangegryp. In **Varsity,** amptelike studentekoerant van die Universiteit van Kaapstad word die twyfel uitgespreek of die aantygings van die Natalse studente weerlê kan word.

Die hoof van die Departement Etiek en Logika, prof. W. J. de Klerk het reeds kommentaar gelewer op die aanval. Wat hierdie mense blykbaar heeltemal uit die oog verloor, is dat nog hy, nog die redaksie van Die Wapad daarop uit was om die ongegronde bewerings van Nux te probeer weerlê. Vir die deursnee student aan ons Universiteit was dit in die eerste plaas nie nodig nie. Die „feite" het vir hulle self gespreek. Om op die euwels van dans te wys is vir 'n mens met 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing die maklikste ding op aarde.

Vir ons gaan dit hier om 'n beginselsaak. Nie om die dans of die swem nie. Dit gaan om 'n dieper Christelik gefundeerde leefwyse.

As die Nusasmense wat op 'n ander platvorm staan, nie eers kan begryp wat met Christelik-Nasionaal bedoel word nie (soos die onder-president van die AS.B. dit elders in 'n berig genoem het) is dit heeltemal nutteloos om met hulle te redeneer oor die eise wat ons eie lewens- en wêreldbeskouing aan ons stel.

Die Afrikanerstudent het vandag 'n wye keuse van universiteite. Die studente van die P.U. het uit eie vrye wil hierheen gekom. As hy voel dat hy nie tot sy reg kan kom nie, is die hek vir hom oop om na buite te stap. En tog kan die Universiteit spog met die hoogste persentasie nagraadse studente. Hoe rym dit dan?

Die rektor van die Natalse Universiteit klaar die saak vir ons heeltemal op as hy die skrywers van die artikel, volgens Varsity, 'n klomp verkeerdelik ingeligte kwaadstokers, noem.

**HOOFREDAKTEUR**




**Oral op die kampus is onlangs bordjies aangebring wat aandui waar personeel van die Universiteit hulle motors mag parkeer. Geen bordjies wat parkeerplek vir studente en besoekers se motors aandui, kon opgespoor word nie.** **Foto: Mac v. d Merwe.**

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING



DIE BULT-APTEEK
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



Jacob Combrink tree op as Macbeth in die Shakespeare-tragedie met dieselfde naam, wat op 2, 3 en 4 Junie in die Totiussaal opgevoer word. Die opvoering beloof om een van die hoogtepunte van die jaar in die P.U. se kultuurlewe te wees. Die ander hoofrol word vertolk deur mej. S. Eliot, 'n lektrise van die Departement Engels. Sy is die produksieleier van die opvoering.

Foto: Fotokuns

## Franse besoeker op kampus

Die algemene afgevaardigde van die Alliance Francaise, die Franse wêreld-kultuurvereniging, mnr. Guy Leo, het op Vrydag 13 Mei die Cercle Francais de Potchefstroom besoek.

'n Bespreking van Franse middeleeuse boukuns is toegelig met kleurskyfies en 'n rolprent. Die vergadering het groot belangstelling uitgelok.

Verskeie dosente en studente het die vergadering bygewoon.

## *Klawesimbel — skande vir P.U. en dorp*

'n Geslaagde klawesimbeluitvoering is deur Pieter de Villiers op Saterdagaand 7 Mei in die Konservatoriumsaal gelewer.

Die uitvoering het uit slegs een werk bestaan: die reusagtige Goldbergvariasie van Bach; seker die grootste stuk musiek wat in hierdie vorm vir die klawesimbel geskryf is.

Die uiters moeilike stuk is baie suksesvol vertolk. Die eie atmosfeer van elke variasie was maklik herkenbaar. Die bas was heeltyd duidelik en ritmevas sonder om die boonste stemme te oorheers. Die kontrapuntale gang was ook deurgaans duidelik hoorbaar en helder.

**By 'n konsert van so 'n hoë gehalte en met so 'n lae toegangsgeld, is die opkoms van slegs 43 persone 'n skande vir Potchefstroom en die Universiteit se musiekliefhebbers.—**

D.v.d.B.

## KUNSGESELSIE

OM literatuur en drama aan beginsels te toets, is 'n moeilike taak. Dit is nie die taak van die dramaturg om beginsels te skep nie. Sodra hy begin „preek" word sy werk nie meer geniet nie, en beginselstukke duur in die toneelwêreld ook net vir 'n kort, spesiale tyd. Ook die tragedie moet volgens estetiese maatstawe beoordeel word, nie volgens etiese, logiese, of religieuse nie. Of . . . is die stelling van l'art pour l'art nou onhoudbaar?

Is dit nie net so erg om nie te besin op die geestelike agtergrond van die dig- en toneelkuns nie? Kan dit nie volgehou word dat Aischylus, Sophocles, Euripides, Ibsen en Eliot elkeen 'n eie boodskap aan die wêreld wou bring nie? Wie alle etiek afwys, handhaaf wel etiek, maar dan in sy swakste vorm; wie van wysgerige besinning niks wil weet nie, beoefen nietemin 'n soort wysbegeerte: 'n onverantwoorde wysbegeerte.

### VRYHEID

In die vorige geselsie het ons in die ontwikkeling van die tragedie 'n tendens na humanisering en universalisering beskryf. Hierdie tendens kom sterk na vore in die werk van Sartre. Aanvanklik is die menslike vryheid sy hooftema; spoedig voeg hy daaraan toe: die verbondenheid aan eie struktuur en omgewing. Daaruit blyk dat spanning tussen vryheid en gebondenheid pynlik word eers as beginsels op die spel is. In gewetenloosheid en nihilisme is geen tragiek nie: by die tragiek is hoë dinge op die spel. Juis die erkenning van beginsels, maak „Les mains sales" en „Le diable et le bon Dieu" van Sartre, tot werklike, tragedies.

### TRAGIEK

Tragiek tree juis daar op in die lewe van die verantwoordelike mens waar noodwendigheid en vryheid mekaar aantas. Die spanning kan byna ondraaglik word omdat beide waar is, ten spyte van hul volkome teenstrydigheid. Dit lyk soms of die tragiek slegs uit die karakter self voortkom.

Die wysgeer Emil Lucka spreek van tragiese karakters, en nie van 'n tragiese lot nie. Sartre brei hierop uit deur die tragiese nie in die individuele karakter, maar in die aard van die menssyn self te soek.

Vroeër is gemeen dat die lot (fortuna) deur die gode bepaal word. Dit is die moira, of Zeus, of die onderlinge twis van die gode, wat Oedipus, Iphigeneia, Herakles en baie ander na hul val gelok het. Maar wat is dit by Macbeth—die hekse met hulle „fair is foul and foul is fair", en hul dubbelsinnige voorspellings; of die toeval wat Duncan juis daardie aand onder sy dak bring; of is dit sy vrou wat hom oor sy gewetensbesware help?

Dit is in elk geval geen goddelike magte nie. Hieraan het reeds Euripides getwyfel. Dit is daardie wonderlike web van omstandighede waarin ook die weerspanninge mens gevange raak. Ibsen het hierdie web nader beskryf as die maatskaplike struktuur en die publieke opinie. So bring Sartre die beskouing: die feit van saamlewe in die maatskappy besorg vuil bande aan iedereen wat sy verantwoordelikheid in die samelewing aanvaar,

### NATUURLIK

Die aspek van die tragiek word natuurlik bepaal deur die persoon wat dit ondergaan. Die samelewing laat egter aan elkeen wat werklik mens wil wees, geen ontragiese bestaan toe nie. Menssyn is verantwoordelik wees, en wie ontkom aan hierdie verantwoordelikheid. Die tragedie bring die toeskouer tot erbarming en vrees, volgens Aristoteles — erbarming en vrees in die besef: vandag hy, more ek.

Die tragiek vind sy hoogtepunt waar die goeie die kwade oproep, en die kwade onmisbaar is ter bereiking van die goeie. Die Grieke het dit reeds besef, maar Brand van Ibsen is hiervan die beste voorbeeld. Alle moralisme ly egter hieronder. Na aanleiding hiervan val Reinhold Niebuhr ook die idealisme in die politiek aan.

Hoe onmisbaar is 'n element van eersug ook nie vir die ontplooing van 'n mens, en vir die vooruitgang van die samelewing nie! Is eersug, magsgebruik, elementêre lewensdrif, die reg van die sterkste, wel so sondermeer te veroordeel soos van etiese en religieuse sye soms geskied? Niebuhr sê byna met leedvermaak: „The tragedy of human history consists precisely in the fact that human life cannot be creative without being destructive, that biological urges are enhanced and sublimated by daemonic spirit, and that this spirit cannot express itself without committing the sin of pride." — D. v. d. B.

(Menings op die bladsy uitgespreek is nie noodwendig dié van die redaksie nie).

# Ere-toekenning vir kuns en kultuur aan P.U. is ontvang

**„'n A.B.K.K.-eretoekenning vir kuns en kultuur aan die P.U. is deur die hoofliggaam van die Studenteraad ontvang, het mnr. Nico van der Merwe, voorsitter van die bestuur in 'n persverklaring gesê.**

'n Leemte en ruimte vir sulke toekennings op kuns-kulturelevlak bestaan, word reeds lankal aangevoel. Hierdie toekenning, wat op gelyke vlak staan as ere-kleure op sportgebied, word aan lede van die onderliggame van die A.B.K.K. toegeken op grond van verdienste of ‚prestasie,' het mnr. Van der Merwe gesê.

Tans word die P.W. Buys-wisseltrofee toegeken op grond van wat 'n persoon gedoen het vir die organisasie en die groei van A.B.K.K. en een of meer van die onderliggame. Hoë gehalte spel en die bevordering van kuns en kultuur in die algemeen, word ook in aanmerking geneem.

**Die Ere-toekenning sal aan lede van die onderliggame wat hulle besonderlik onderskei het in die beoefening van een of ander kunsvorm, toegeken word.**

**● Die toekenning is verlede jaar aan mnr. Francois de Villiers oud-redakteur van Die Wapad gemaak, vir die werk wat hy op A.B.K.K. verrig het.**



**So lyk die ere-toekenning van die A.B.K.K. wat onlangs ontvang is. Die toekenning word gemaak aan persone wat 'n besondere bydrae lewer ter bevordering van kuns en kultuur aan die P.U.**

**Foto: Mac v.d. Merwe**

# AFGELOPE ROLPRENTE IN OËNSKOU

**Die welkome hervrystelling van die rolprent From here to Eternity, bied mense die geleentheid om James Jones se beskouing van oorlog weer in oënskou te neem.**

Min ander oorlogsprente het dieselfde mengsel van sinisme, hardheid en getrouheid. Die rolprent se boodskap is baie duidelik: „Daar is geen helde nie — slegs mense so mal van vrees dat hulle ander skiet."

Hier is een van die min kere waar Frank Sinatra as 'n ware akteur na vore tree. Montgomery Clift lewer ingehoue, maar roerende spel. Deborah Kerr breek met goeie gevolge weg van 'n reeks kinderagtige preutse rolprente. Burt Lancaster bied sy verwagte stewige professionele spel.

### WHAT'S NEW, PUSSYCAT?

Hierdie „Goon"-komedie van Clive Donner is 'n lagwekkende aanbieding van 'n virtuose bioskoopisme tot sy uiterste gedryf, hoewel soms op die subtielste wyse.

Die wêreld van seksuele promiskuiteit word beklemtoon met pink geel, art nouveau-pers, en liggame in verskillende stadia van ontkleding. Burt Bacharach se musiek ewenaar die visuele energie. Dit dra by om aan te toon dat die rolprent — wat nie van die benaming „seksklug" kan ontsnap nie — baie minder te doen het met die vlerkletterwoord as die klugte van Doris Day en Deborah Kerr.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies

GISELA MAIWALD

*Fotograaf en Fotografiese Dienste*

TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

# Interuniversitêr

**Vanjaar se jooloptog van die Universiteitskollege van Rhodesië was iets unieks in die geskiedenis van die kollege. As gevolg van die heersende petrolskaarste moes die studente hul handwerk deur die strate van Salisbury stoot.**

**AUCKLAND:-**

'n Student van die Auckland-se Universiteit, George Wheeler, het 62 koppies tee in 'n bestek van 30 minute gedrink en op grond hiervan 'n nuwe wêreldrekord geëis. Na verneem word staan die vorige teedrinkrekord op 26 koppies in 'n halfuur, wat deur mnr. Wheeler bestempel word as „relatively leisure going".

**BLOEMFONTEIN:-**

Sewentig hygende en gekneusde Kovsies het daarin geslaag om op een enkelbed te kom. Na verskeie pogings is die prestasie behaal — en dit net om die Bloemfonteiners bewus te maak dat 14 Mei jooldag is. Die Universiteit van die Witwatersrand is tans nog wêreldrekordhouers, met 84 op 'n enkelbed.

**NEW YORK:-**

Die eerste elektroniese berekenaar om studente met hul studies te help, is by die Radcliffe Universiteitskollege in New York ingestel. Die berekenaar kan probleme in Wiskunde, Statistieke, Sosiologie, Sielkunde sowel as Ekonomie analiseer en oplos. Die berekenaar kan glo werk wat normaalweg 20 uur duur, binne tien minute afhandel.

**RHODES:-**

Die Akademiese-Vryheid-kommitee van Rhodes het besluit om mev. Helen Suzman uit te nooi as gasspreker. Die voorsitter van die komitee, mnr. Peter Haxton, het gesê dat die keuse van die tema aan mev. Suzman oorgelaat word met dien verstande dat dit inpas by Akademiese- en menseregte.

**MADRID:-**

Sowat 3000 studente het gister hier amok gemaak op die terrein van die universiteit van Madrid. Verkeer is ontwrig toe berede polisie met klippe bestook is. Die studente, wat ongelukkig is omdat die Studenteraad so min mag het, het op die Rektor se kantoor afgestorm, maar sowat dertig berede-polisiemanne het hulle verjaag.

**TURKYE:-**

Studente van Turkye se drie grootste stede het met die polisie gebots gedurende 'n protesoptog omdat 'n Turkse monument in die hawestad Izmir aangeval is. Studente het 'n aantal motors met Amerikaanse toeriste gestop en die bande afgeblaas. Dertien studente is op aanklag van verset teen die polisie aangehou en 'n aantal is ook in die hospitaal opgeneem.

**POTCHEFSTROOM:-**

Die nuutste dameskoshuis van die Potchefstroomse Onderwyskollege is vernoem na mev. Nellie Swart, eggenote van die Staatspresident. Die datum vir die onthulling van die naamplaat en die opening van die gebou is nog nie vasgestel nie.

**PRETORIA:-**

Sonop, een van die manskoshuise van Tukkies, het besoek ontvang van 'n afvaardiging van die Hillcrestkiesafdeling in Bulawayo. By die geleentheid is 'n handgemaakte trofee van Rhodesiese hout en koper, oorhandig, as blyk van waardering vir hulp aan Rhodesië in die vorm van 'n konka petrol wat per fiets na Rhodesië geneem is.

**PRETORIA:-**

Die Universiteit van Pretoria be-oog om 'n geslote-baan-beeldradio in te sluit in sy uitbreidingsprogram van R4 miljoen.

Hierdeur wil die owerhede die hoë aantal druipelinge onder eerstejaarstudente teenwerk, volgens Scientae, die maandelikse nuusblad van die W.N.N.R.

In die afgelope dekade het oorsese skole en universiteite vasgestel dat beeldradio 'n positiewe bydrae tot die opvoedkunde kan lewer. Die metode help met vinniger en doeltreffender opleiding van studente, terwyl minder onderwyspersoneel nodig is.

# NUX WAS BANG OM EERLIK OOR P.U. TE WEES

**„Nux" was bang om 'n duidelike en verteenwoordigende beeld van die Potchefstroomse Universiteit te gee. So sê mnr. Frans van der Walt, voorsitter van die Studenteraad, na aanleiding van 'n smeerartikel wat onlangs in die studentekoerant van die Natalse Universiteit verskyn het.**

**Mnr. van der Walt het die volgende brief aan die Natalse studente gestuur:**

Die Redaksie,

Die artikel in „NUX" van 31 Maart 1966 getitel „Nux visits P.U. for C.H.E." was vir die studente aan die Potchefstroomse Universiteit 'n onaangename verrassing. 'n Verrassing, omdat niemand van ons bewus is van die „besoek" wat Nux aan ons sou gebring het nie. Onaangenaam, omdat die strekking van die hele artikel kwaadwillig is en nie daarop bereken is om 'n eerlike en realistiese beeld van ons universiteit te gee nie.

**Ons gun jul jul vooringenome beginselstandpunt ten opsigte van ons universiteit en grondslag van harte. Wat ons egter seker met reg van enige beskaafde en opgevoede verslaggewer kan verwag, is dat sy bevooroordeeldheid hy nie 'n so moet parte speel dat hy nie 'n eerlike en verteenwoordigende beeld weergee van wat hy „besoek" nie.**

Enigemand wat die Potchefstroomse Universiteit maar oppervlakkig ken, sal dadelik toegee dat die skrywer van genoemde artikel in „Nux" die P.U. vir C.H.O. nooit waarlik besoek het nie, of niks hier wou raaksien wat sy vooringenome beeld oor ons universiteit sou aantas nie.

Nog die Studenteraad, nog die redaksie van „Die Wapad" (ons amptelike Studentekoerant), nog enige student wat ons kon raakloop, weet iets van „Nux" se „besoek" aan ons. Die artikel verdraai feite. Die sprekendste voorbeeld hiervan is die sin: „It is absolutely forbidden to miss lectures, and any student who feels that his time could be more profitably spent outside the lecture room is likely to find himself reprimanded and punished like a naughty child". Die verdraaiing in hierdie sin is, om die minste daarvan te sê: „laughable" Ook die feite oor „Social Life" is verdraaid.

Die foto's in die artikel lewer die sprekendste bewys dat die skrywer bang was om 'n duidelike en verteenwoordigende beeld van ons universiteit te gee. Albei die foto's van geboue op ons kampus is besonder swak. Die skrywer het dit ook nie gewaag om 'n foto van een van ons meer treffende en moderne geboue te plaas nie.

Die artikel gee nie die minste die indruk dat „Nux" se verslaggewer onder ons studente rondbeweeg het en openhartig met hulle gesels het oor die sake in die artikel genoem nie. Veeleer kry ons die indruk dat „Nux" ons universiteit gesien het deur die gekleurde bril van daardie „few" wat hul „sympathy" en „admiration" het.

Ons wil daarom beweer dat hierdie artikel 'n enger mentaliteit by die skrywer weerspieël as die waarvan hy ons beskuldig. Ons daag enigiemand aan u universiteit uit om ons met 'n oop gemoed te kom besoek en dieselfde indruk te kry as wat in die artikel weerspieël word.

Ten slotte: Die artikel in „Nux" het tenminste een goeie doel gedien, nl. dat dit weer die feit onderstreep het dat die Universiteit van Natal en die P.U. vir C.H.O. nie langs een vuur sit nie. Bemoei u dus in die toekoms met u eie sake.

Ons vra u om hierdie brief in „Nux" te publiseer, tesame met 'n paar foto's wat 'n beter beeld gee van ons kampus.

**F. VAN DER WALT**
**Voorsitter: Studenteraad.**

## S.A. het tekort aan aptekers

Suid-Afrika het 'n ernstige tekort aan gekwalifiseerde aptekers volgens mnr. R. Pannall, voorsitter van die Aptekersraad.

Hy het by die 21e jaarvergadering van die aptekersvereniging gepraat. Mnr. Pannall het ook gesê dat 'n abnormale hoeveelheid aptekers die land verlaat en dat die getal nuwe aptekers heeltemal ontoereikend is.



**Die bekende deskundige oor wêreldgebeure, mnr. A. M. van Schoor verskyn hier saam met mnr. Joh. van Tonder en mnr. G. S. (Klien Lappies) Labuschagne in die Sentrum vir Internasionale Politiek wat verlede week aan die Potchefstroomse Universiteit geopen is.**

**Mnr. Van Schoor het die openingsrede tydens die eerste seminaar gelewer. Prof C. P. van der Walt is voorsitter van die sentrum, mnr. Van Tonder die sekretaris terwyl mnr. Labuschagne ('n M.A. student in Staatsleer) navorsingsassistent van die sentrum is.**

# Randse Universiteit sal uitdaging van tyd die hoof kan bied

**Die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit sal die uitdaging van sy tyd met welslae die hoof bied, het die leier van die Nasionale Party in die Johannesburgse stadsraad, Mnr. Eben Cuyler onlangs gesê. Hy het gewys op die aanvraag na Afrikaanse universitêre geriewe en Afrikaanse professionele mense.**

Mnr. Cuyler het genoem dat 64% van alle studente in die Republiek teen 1960 Afrikaanssprekend was. Tog het daar sedert 1910 geen merkwaardige verandering ten opsigte van Afrikaanse universitêre geriewe plaasgevind nie. Na raming sal daar oor vier jaar 22,000 meer Afrikaanssprekende studente wees as in al die ander taalgroepe saam, het Mnr. Cuyler gesê.

Die toestand word in sy werklike verhouding gesien wanneer 'n mens besef dat slegs sestien persent van die hoogs professionele mense in die Republiek Afrikaanssprekend is, slegs 8½% van al Johannesburgse professionele mense is Afrikaanssprekend, het hy gesê.

# Studente besoek Transkei tydens Aprilvakansie

**'n Studie van ontwikkelinge in die Transkei is gemaak op 'n toer wat in die April-vakansie deur personeellede en studente onderneem is. Die toergroep het uit 20 lede bestaan en was onder die leiding van prof. J. H. Coetzee, hoof van die Departement Volkekunde en Naturelle-administrasie.**

In 'n onderhoud het een van die toerlede, mnr. Jan Bradley sy indrukke van die Transkei weergegee. Die hoë politieke ontwikkeling teenoor stadige sosio-ekonomiese groei was vir hom opvallend. Daar is groot landbou-moontlikhede in die Transkei, maar ontwikkeling teen 'n snelle tempo is nodig om in alle behoeftes van die Xhosa te voorsien, het mnr. Bradley gesê.

**AKTUEEL**

Met Xhosa-studente aan die Universiteitskollege van Fort Hare is geselsies aangeknoop. Die eerstejaarsprobleem is daar ook aktueel. Die gevoel teenoor die Studenteraad is glad nie goed nie.

Spykerbankies is redelik volop, het die toerlede opgemerk.




**In die vorige uitgawe van Die Wapad het 'n berig verskyn waarin enkele studente gesê het dat hulle nie langer in Huis Haak-en-Steek kon inwoon nie omdat toestande nie ideaal is vir studiedoeleindes nie. Ons fotograaf het 'n bietjie gaan inloer en hierdie klomp gelukkige koshuisgangers daar aangetref. Hoe meer siele hoe meer vreugde, sê hulle.** Foto: Mac. v. d. Merwe

## BRIEWEBUS

Weens 'n gebrek aan ruimte moes verskeie briewe oorstaan tot die volgende uitgawe. —Red.

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koeldrankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

Tomstraat 86 Tel. 5474

* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:

G. Schoonhoven

Tomstraat 86a Telefoon 5136
Na-ure 6050
Huisarres:
Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA

Vir

FIETSE

en vakkundige

Herstelwerk

Opberging

van fietse gedurende vakansies

Kerkstraat 48 —Tel. 5319

GROSVENOR
EN
GOUGH
MOTORS

GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:

Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

I. GLASER
— JUWELIER —

VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon

Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede

BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM



die WAPAD

WOENSDAG 18 MEI 1966


# WIL MOS!

Herhaaldelik moes 'n kabinetsminister waarsku dat leiers van die Nasionale Unie vir Suid-Afrikaanse Studente in hul spoor moet trap. Dit is baie duidelik gestel dat hulle hulle vingers gaan verbrand as hulle met linkse en staatsgevaarlike organisasies heul.

Die Minister van Justisie, adv. B. J. Vorster het reeds in 1963 die studenteorganisasie aan die kaak gestel en beswaar gemaak teen die verpligte lidmaatskap daarvan. Hy het bygevoeg dat Nusas onpatrioties is, beslis links en kommunisties gekleurd.

As leiers van die organisasie dan ingeperk word, is dit geen verrassing meer nie. 'n Mens is net verbaas oor die domastrantheid van die mense wat hulle nie wou steur aan die dringende en tydige vermaning nie. Die papegaaikrete klink nou weer oral op na die inperking van mnr. Ian Robertson, president van Nusas. Hierby sal die Engelse studentepers ook weldra aansluit. (Asof nog 'n paar piepgeluide enige iets aan die ware toedrag van sake kon verander).

Die beroep wat die voorsitter van die Afrikaanse Studente-persunie op studente van Engelstalige universiteite gedoen het, om aan te dring op eerlike en objektiewe feite oor die doel en aard van die inperkinge, sal op dowe ore val. Lank reeds is die aard van beriggewing in die Engelse studentekoerante van so 'n aard dat 'n mens nie meer veel waarde daaraan kan heg nie. En nog steeds het die Engelse studente die openlike verdraaiing van feite en oormatige propaganda in hulle koerante met stilswye aanvaar. Nusas dink blykbaar vir die Engelse student, en die Engelse studente-persunie bepaal die kleur van die studentekoerante.

Die Suid-Afrikaanse Regering moet gelukgewens word met hierdie stap in die regte rigting. Die Afrikaanse Studentebond het sy gelukwensing aan die regering oorgedra en hom bedank vir sy ferme optrede. Maar intussen berig Britse koerante dat daar 'n gevoel van protes deur die Suid-Afrikaanse universiteite sroom.

# CHRISTELIK?

Die hoofbestuur van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys het onlangs in 'n persverklaring gesê dat hy dankbaar is oor die totstandkoming van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand. Die wens is ook uitgespreek dat die nuwe universiteit deur wet en statute 'n Christelike universiteit sal wees.

Dit bly egter 'n wens. Die woord „waarborg" wat verlede jaar gebruik is, het stil-stil verdwyn. Die Johannesburgse Munisipaliteit het 'n half miljoen rand bewillig vir die nuwe universiteit — en die gewetensklousule bly behoue.

Dit is jammer dat die nuwe inrigting vir hoër onderwys blykbaar nie uit „hierdie dwangbuis van die gewetensklousule wil probeer loskom nie." As daar geen navraag gedoen mag word by die benoeming van dosente, na so 'n persoon se geloofsoortuiging en sy prinsipiële standpunt nie, kan so 'n universiteit nie onder die vaandel van 'n Christelike universiteit deurgaan nie.

Die hoop dat die nuwe universiteit op 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing sal staan, lyk dus maar skraal. Het ons nie dalk hier te doen met 'n geval waar die Christelikheid van die universiteit vir 'n pot lensiesop verkoop is nie?.

Met die terrein van 'n Afrikaanse boetie reeds bekend is dit van groot belang om te sorg dat die nuweling reg „opgevoed" word. Daarom net die waarskuwing van 'n geleerde: „Teenswoordig is die universiteit die vernaamste voortbrenger van die ateïsme en die nihilisme".

## *Studente skryf en praat . . .*

**„Alles was gereël, maar al wat kortgekom het was die mense om die piekniek by te woon" —Tweedejaarskomitee.**

**„De politie moet ontwapend worden en onder directe controle van de Amsterdamse gemeenteraad komen. De politieman moet weer sociaal werker worden." —Roel van Duyn, leier van 'n invloedryke studentebeweging in Amsterdam. (die Provo's)**

**„Laat ons dan nou optrek in ons hordes: sommige nugter, die res dronk; sommige besinnend en ander mal— „dronk" en „mal" van wat ook al! ! " —Hoofberig, Irawa. (Na aanleiding van die Jool.)**

**(Nux staan eintlik vir ‚niks'. —Dr. J. M. du Toit (oud-Puk).**

**„Ons moet nou oorgaan tot die aanval en liberale elemente en ondermynende bedrywe die doodskoot toedien. Ons moenie wag tot Nusas sy volgende aanval loods nie, ons moet hom nou aan die hare gryp en ontmasker. Ons moet ons stem dik maak: hier en in die buiteland." —Hoofartikel, Die Pootjie.**

# In U Lig

**PSALM 96.**

**DIE REGTER KOM**

Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied; sing voor die Here, o ganse aarde!

Sing tot eer van die Here, loof Sy Naam, verkondig Sy heil van dag tot dag.

Vertel onder die nasies Sy eer, onder al die volke Sy wonders.

Want die Here is groot en baie lofwaardig; Hy is gedug bo al die gode.

Want al die gode van die volke is afgode, maar die Here het die hemele gemaak.

Majesteit en heerlikheid is voor Sy aangesig, sterkte en sieraad in Sy heiligdom.

Gee aan die Here, o geslagte van die volke, gee aan die Here eer en sterkte.

Gee aan die Here die eer van Sy Naam, bring offers en kom in Sy voorhowe.

Aanbid die Here in heilige gewaad; beef voor Sy aangesig, o ganse aarde!

Sê onder die volke: Die Here is Koning! Ook staan die wêreld vas,
sodat dit nie wankel nie. Hy sal die volke regverdig oordeel.

Laat die hemele bly wees en die aarde juig; laat die see en sy volheid bruis.

Laat die veld juig en al wat daarin is; dan sal al die bome van die bos jubel voor die aangesig van die Here; want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in sy trou.

# - Deur My Lens -

'n Goeie begin is reeds half gewin. Daarom begin ons hierdie keer maar met 'n saak wat vandag blykbaar in die brandpunt van belangstelling staan, nl. politiek. Hiermee bedoel ek nie die ondergrondse politieke strominge op ons kampus nie, maar die internasionale politiek. Die tot oorlopens toe volle saal wat die optrede van mnr. A. M. van Schoor in ons midde getrek het, is iets wat maar selde aan die P.U. gesien kan word.

Dit is werklik verblydend dat ons Potchefstromers so bewus geword het van die wêreld om ons. Om hierdie bewustheid aktief te hou, het die nuwe Seminaar vir Internasionale Politiek 'n groot taak. Ons hoop dat hulle die taak met mening sal aanpak.

**TOETSBOEKE**

Ek weet nie uit watter bronne die seminaar sy inkomste gaan kry nie, maar dit lyk darem of die Puk weet hoe om geld in die hande te kry. 'n Vindingryke manier om die Finansies gesond te hou, is die verkoop van toetsboeke. Met al die toetse wat hier afgelê word, behoort 'n mens maklik 'n fortuin te maak. Ek hoop dat die winste wel sal opweeg teen die versoeking waarin baie gestel word om hul toetse maar voor die tyd in te vul.

Die moderne karakter van ons universiteit kom veral tot uiting in sy eksperimentalisme, nl. ten opsigte van toetse. Vanjaar is die gedagte blykbaar dat naas die sweet vir toetse en die swoeg aan referate daar aan die student geleentheid gebied word om in die klasse wat terselfdertyd plaasvind, van sy uitputting uit te rus.

**BEDANKINGS**

Dit skyn asof die Studenteraad geduldig deur alle probleme heenworstel. Die bedankings van twee van sy lede sal seker ook bydra tot verdere stremminge in die veeleisende taak. Dit is te hope dat die vakatures spoedig gevul sal word deur bekwame werkers wat genoeg tyd tot hulle beskikking het om die vele studentesake te kan behartig. Daar is seker 'n groot las van die Studenteraad se skouers af deur eindelik 'n redakteur vir Die Besembos te kan aanwys.

Dit lyk nie asof die groot hoeveelheid werksaamhede ruimte laat vir die reëling van die Puk se Republiekfeesvierings nie. Of hoor ons nog later iets?

**PRO VERITATE**

**'n Mens kry beslis vertroue in die wysheid van die Studenteraad deur ten spyte van 'n besluit van die A.S.B.-kongres nie die omstrede blad Pro Veritate van die kampus te verbied nie. Hierdie optrede is 'n kompliment vir die oordeelsvermoë van elke student. Dit is jammer dat die vyande van ons universiteit nie sulke dinge in ag neem as die sogenaamde on-verdraagsaamheid op die P.U. aangeval word nie.**

**In die netelige probleme waarmee die Studenteraad maar altyd te doen het, is wysheid van hierdie aard nodig om altyd vir die waarheid te wees.**

**MASSA**

Hoewel die wysheid van die Studenteraad om belangrike vraagstukke op te los nie betwyfel word nie, is dit jammer dat hulle niks het om aan die massa voor te lê nie. Daar is nog steeds geen tweede (werklike) massavergadering vanjaar gehou nie. Die fout lê natuurlik nie alleen by die Studenteraad nie, maar ook by die massa wat blykbaar nog altyd in passiwiteit verkeer verkeer.

Dit skyn werklik of ons nog nie oor die skok van die afskaffing van inlywing gekom het nie. Die laaste trane oor die begrafnis van hierdie geliefde metgesel vanaf die goeie ou tyd is nog steeds nie gestort nie, Die nog immer treurendes neem diegene wat alreeds oor die verlies heengekom het, kwalik daarvoor dat hulle die finaliteit van die dood insien.

Dit sal beslis fataal wees as persone se houding teenoor die inlywing nou nog geneem word as maatstaf vir hulle gewildheid. Dit is nodig dat 'n nuwe vraagstuk die gemoedere 'n slag in beroering bring.

**REFLECTOR**

# PAPEGAAIGEKLETS




Na aanleiding van die inperking van Nusas-president, Ian Robertson. Erkenning Die Transvaler

# S.A. UNIVERSITEITE SAL GEEN SIERWA OP FEES HÊ

**Die Sentrale Republiekfees-komitee het afgesien van die plan om 'n sierwa, wat die Suid-Afrikaanse universiteite sal verteenwoordig by hul feesplan in te skakel. Die rede hiervoor is die opposisie van die Engelse universiteite het mnr. J. H. Coetzee, direkteur van die feesvereniging onlangs gesê.**

GELEWER

Die studenterade van die universiteite het geweier om deel te neem tensy nie-blanke studente ook uitgenooi word.

Die studenteraadsvoorsitter van die Witwatersrandse Universiteit, mnr. D. Hirschman, het gesê dat nie-blanke studente in net so 'n groot mate Suid-Afrikaners en studente is as blankes, en indien die sierwa verteenwoordigend van Suid-Afrikaanse studente sou wees, die nie-blankes ook ingesluit moes word. Dit moet 'n nasionale studentepoging wees en nie slegs van blanke studente nie, het hy gesê.

AFGESIEN

Die studente van die Witwatersrandse Universiteit kan nie die bestaan van die nie-blanke studente aan hulle inrigting ignoreer nie, het mnr. Hirscman gesê. Hulle kan dus nie aan 'n nasionale poging deelneem waar die nie-blanke studente nie ingeskakel is nie.

● **Die P.U.-studentemassa sal geen wesenlike aandeel aan die feesverrigtings hê nie, word van studenteraadsweë verneem.**



**Mnr. P. J. van Vuuren van die Departement Chemie wat 'n assistentskap aan die Cornell Universiteit in die staat New York, V.S.A. aangebied is. Hy sal sy studies in sintetiese organiese chemie daar voortsit.**

**Hy vertrek in September na Amerika en sal daar onder prof. Meinwald, aan wie die Nobel-prys reeds toegeken is, werk. Die aanstelling is geldig vir een jaar.**

# Ope-gesprek met Nusas nie moontlik — A.S.B.

**„BURGEROORLOG sal in Suid-Afrika uitbreek indien die Afrikaanse Studentebond tot dieselfde peil as Nusas daal," het die onder-president van die A.S.B., mnr. Boy Geldenhuys, Vrydagaand op 'n monstervergadering van die Goudstadse Onderwyskollege gesê.**

**„Die A.S.B. kan slegs sy uiterste mismoë met die optrede van Nusas uitspreek en hom ten volle van dié liggaam en sy dade distansieër," het hy gesê.**

Mnr. Geldenhuys het die studente van G.O.K. tydens 'n takbesoek van die A.S.B.-hoofbestuur toegespreek oor die optrede van Nusaslede na aanleiding van inperking van hulle leiers ingevolge die bepalings van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

BANG

Die A.S.B. word daarvan beskuldig dat hy bang is om sy standpunt in 'n ope gesprek met andersdenkendes te verdedig, dat hy 'n wig tussen die verskillende volksgroepe in Suid-Afrika indryf en dat sy lede outomaties gewerf word.

**Mnr. Geldenhuys het gesê dat die A.S.B. wel bang is om in die sogenaamde ope-gesprek met Nusas of enige ander liggaam te tree omdat die wette van die lewende God nie erken word nie.**

Hulle begryp ook nie die term, Christelik-Nasionaal, wat vir die A.S.B. die erkenning van die soewereiniteit van God, die onvolkomenheid van die mens en die vleeswording van Christus beteken. Nasionaal beteken die lief hê van dit wat eie aan die Afrikaner volk is.

Die A.S.B. dryf nie 'n wig in nie, omdat hy aandring op eenheid wat nie die uitwissing van verskille meebring nie, maar verskeidenheid in die eenheid erken, het mnr. Geldenhuys gesê.

Met betrekking tot outomatiese lidmaatskap het hy gesê dat geen student uit die A.S.B. kan bedank nie, omdat die verskillende Studenterade geaffilieer is. Dit is net so onmoontlik vir 'n Suid-Afrikaanse burger om uit die V.V. te bedank omdat die hele staat, deur die Regering, lid van die organisasie is.

● **Na aanleiding van die kritiek wat Engelstalige studentekoerante teen die inperking van Nusaslede ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme lewer, is n verklaring van die Afrikaanse Studente-persunie ontvang waarin dié koerante versoek word om hulle kruistogte in die verband te staak.**

**Deur die persone tot martelare te verhef word die veiligheid en belange van die Republiek van Suid-Afrika benadeel.**

**Aspu spreek die hoop uit dat studente aan die verskillende engelstalige inrigtings hulle van hierdie propaganda-voering in studentekoerante san distonsreer en sal aandring op die weergee van objektiewe en eerlike feite oor die aard en doel van die inperkings.**

## Amerikaner het Puk besoek

'n Predikant van die Amerikaanse Christian Reformed Church ds. L. Verduin het verlede week 'n besoek aan die P.U. gebring.

Ds. Verduin, wat jarelank studentepredikеr was, is tans verbonde aan die Calvin College te Grand Rapids, 'n universiteit met dieselfde grondslag as die P.U.

## Studente besoek staatsdiens

Die Departement Staatsleer van die P.U. het sy tradisie voortgesit deur vanjaar weer 'n toer na Pretoria te onderneem. Die toer het plaasgevind op Woensdag 27 April. In Pretoria is besoeke gebring aan verskeie staatsdepartemente.

By die departemente Buitelandse Sake en Bantoeadministrasie is die besoekers met sowel interessante praatjies as aangename verversings onthaal.

# Puk sorg vir hoogtepunt op tentoonstelling

**Die uitstalling van die P.U. word algemeen beskou as die hoogtepunt van vanjaar se landboutentoonstelling op Potchefstroom. Dit is die mening van verskeie lede van die publiek wat na afloop van die skou genader is.**

Vanjaar was dit die beurt van die Departemente Dierkunde, Mikrobiologie, Plantkunde en Huishoudkunde om hul navorsingwerk aan die publiek ten toon te stel.

**Clarias, die navorsingsboot, en die mobiele laboratorium van die Departement Dierkunde het die hoogtepunt van die uitstalling gevorm.**


Die akwarium met slakke en die met visse van die dierkundiges het ook wye belangstelling uitgelok.

Die P.U. is een van die weinige universiteite wat op 'n landboutentoonstelling uitstal.

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaa vol



**Die P.U. het vanjaar gesorg vir een van die hoogtepunte op die Potchefstroomse Landboutentoonstelling. Mnr. C. Combrink van die Departement Dierkunde lig lede van die publiek in tydens die tentoonstelling, oor die werksaamhede van die dierkundiges aan die universiteit. Die publiek het veral belang gestel in die bilharzianavorsing wat gedoen word.**

**Foto: Fotokuns.**

# STUDENT EN HOND IS ONAFSKEIDBAAR

**„Sy slaap by my in die kamer en wek my elke oggend. Haar naam is Cleo en „Sy is nie 'n dame nie, maar slegs my gidshond in wie ek meer vertroue het as in 'n mens," het mnr. Izak du Plessis gesê.**

Mnr. Du Plessis is 'n derdejaar B.Mus.-student wat die afgelope twee en 'n half jaar twee keer per dag die drie blokke na die musiekkonservatorium deur Cleo gelei word.

Die geel Labrador is in Johannesburg opgelei om blindes deur die drukste verkeer te lei. Toe hy haar in 1963 gaan haal het, moes hy vier weke saam met haar oefen sodat hulle mekaar kon leer ken.

**RY SAAM**

**Cleo weet presies wanneer die verkeerslig rooi of groen is, en wanneer dit die veiligste is om 'n straat oor te steek Vakansies reis sy saam met Izak per trein as „hulle" huistoe gaan.**

Hy maak gebruik van 'n braillemasjien om te studeer en dit steur hom nie as die krag onderbreek word en die koshuise in donker gehul is nie, het mnr. Du Plessis in 'n grappige toon bygevoeg.

Na voltooiing van sy studies, wil hy onderwys gee.



**Izak du Plessis** met sy gidshond Cleo. Foto Mac v. d. Merwe.

## Mobiele toilet tref motor

'n Versekeringsmaatskappy gaan eersdaags die jaar se mees vergesogte eis ontvang—van 'n motoris wat sê sy motor is deur 'n verbygaande gemakshuisie getref.

Die motoris, 'n joernalis, het sy motor geparkeer om 'n perskonferensie by te woon. Dit is getref deur 'n „mobiele" toilet wat van 'n vragmotor afgeval het.

# Verlief Verloof Verlore?



**„Die jaar word ryp in goue akkerblare In wingerde wat verbruin.**

HIERDIE woorde van Van Wyk Louw dui nie net op die komende toetse nie, maar op die veranderlikheid van die tye. (Maar hier op die Puk is drie dinge wat net nie verander nie, en dis die spykerbankies, die saal se onbeweegbare gordyne en die duisternis by die kennisgewingbord.)

Terwyl die windjie kouer en skraler word en die sonnetjie flouer, borrel die rookdampe al meer uit die koshuise se warmwaterstelsels. Danksy die opberging van steenkool dwarsdeur die jaar is daar hierdie winter nie sprake van koue water nie!

**EINA**

Intussen kondig die modebase (of -gekke?) die nuwe modes vir die komende somer aan — skoenie met plat, vierkantige hakke en bleek kouse; helder kleure, sagte, plooibare crépe en nog steeds die eina-kort-rokkies. Mens wil saam met Visser se Metusaleg dit uitkreet:

**„'t Word alles korter—liewe land! —**
**Die rok, die hare en verstand!"**

Vir die komende koue moet 'n man darem ook 'n bedekking hê, en omdat koshuiskomberse uit die bose is, het sommige mans soos ou Dopper Joris van ouds gevra: „Wil jy myn seiltjie wees, myn hart?" Daarom kry ons kombinasies soos Anna Smit en Derist Erasmus; Ria Smit en Piet Roodt; Mentjie Groothof en Kasper Jager, Nelie van Wyk en Pieter Bezuidenhoudt, Nina du Plessis en André Coetzee, Heilie Van Rooy en Francois van Pletzen, Magdaleen en Simon, Vera en Willie, en Vienie Steenekamp en Monty Shambo, Nora Putter en Pennie Viljoen.

Dit kwel Alta Dry nie dat sleeptye so gou donker is nie, want hierdie door het haar eie liggie: Johan Lighthelm.

**„Willemine as ek jou maar kry,**
**Dan lyk die ou wêreld soos die sonskyn vir my!"**

Sou dit Roelfs wees wat vir Wilna so toesing?

**GOOS**

'n Aktuele vraag is: Kan 'n mens die naïwe Evelyn Bolton en Gibeon Gerber aanmekaar koppel of nie?



**'n Blik op die onvoorspelbare toekoms. Wat sien mnr. Arrie de Raadt? Wat sou ons wou gee om dit te kon weet. Of het hy sy oog op nog 'n paar universiteitsgrade? Maar waarom dan die afgryslike trek op sy gesig? Mnr. de Raadt het tydens die onlangse gradeplegtigheid van die P.U. 'n Baccalaureusgraad in die natuurwetenskap ontvang. Foto: Fotokuns**

„En as ek net wis wie die beste een is . . " Doret Claassen kan nie kies tussen sewe manne van die Landboukollege nie.

Vir Martie le Roux en haar buurman-sleep is die kloof tussen Puk en Pote nie onoorbrugbaar nie.

As 'n ou nou van die droë Suidwes-Afrika kom, kan jy nie anders as om jou oë na die groene grassies van ons bure te wend nie. Toe hy eers vir Sandra van Eikenhof gesien het, kon Bertie Fourie nie anders as om sy uitspanplek by Pote te maak nie.

**Toe die wêreld nog jonk was, het Pulvermacher gesê:**
**„Onder 'n boompie by die watersloot,**
**Sit Spekie met haar Joris te vry."**

Tye het nie veel verander nie Op die oewers van die Mooirivier het Kupido die moderne Dopper Jorisse en hul Spekkies gekry: Niemand anders nie as Ben Jager en Rosil van der Walt, Fanus van der Westhuizen en Lenie de Klerk.

„Toe liefde met sy fakkel binnedring", was dit klaarpraat met Ena Coetzee. Sy het so aanhou neul dat Theo Jooste haar met 'n diamantring moes stilmaak.

Pat Cloete het ook die afgelope paar maande 'n hewige renons in die manlike leerkragte ontwikkel; Nettie Pienaar trek toe die voordeel in die vorm van 'n reuse diamant, en haar foto kom in die koerant!

**BELOON**

Daar is darem soms 'n ligstraaltjie in die duisternis . . . soos dames wat nie Puk toe kom 'n man te vang nie. Kyk nou vir Lettie Campbell en Amanda du Plessis. Hul trou en geduld is beloon met stene so reg uit Kimberley se aarde en nou is Sasolburg en Welkom nie meer so ver nie.

**SLAVIN**

„Jy het my meer gegee as die blou van jou oë", was die wedersydse gedagtes by Fanie du Plessis en Annatjie Venter en nou is sy huisvrou . . . en slavin vir die held van haar hart! (Wie is die voorsitter Fanie).

**LOELOERAAI**

## Over de Voor vier fees



**Gemaskerde bal? Oefening vir die Republiekfees? 'n Nuwe jeugbeweging aan die P.U.? Nee, die foto was geneem by geleentheid van Over de Voor se verjaardag. Die manskoshuis het Saterdag vyf jaar oud geword en die manne moes 'n kleurryke. parade hou. Hier salueer Ben Vorster, aanvoerder van die „vrye soldate" die Generaal.**

**Foto: Mac. v.d. Merwe**


# S.A. SPOORWEË & S.A. LUGDIENS

***Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Lugdiens bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:***

## ASSISTENT-INGENIEUR

***Salarisskaal:***
**R3,000 x 150 – R3,300 x 300 – R3,900 x 150 – R4,650 p.j.**

| *Indien in besit van* | Aanvangsalaris |
|---|---|
| B.Sc. Ing. | R3,000 p.j. |
| B.Sc.B.Ing. of M.Sc.Ing. | R3,150 p.j. |
| M.Ing., Ph.D. of D.Sc. | R3,300 p.j. |

## SKEIKUNDIGE EN METAALKUNDIGE

***Salarisskaal:***
**R2,850 x 150 – R3,300 x 300 – R3,900 x 150 – R5,100 p.j.**

| *Indien in besit van* | Aanvangsalaris |
|---|---|
| B.Sc. | R2,850 p.j. |
| Hons.-B.Sc. | R3,000 p.j. |
| M.Sc. of 'n hoër graad | R3,150 p.j. |

## ARGITEK

***Salarisskaal:***
**R2,850 x 150 – R3,300 x 300 – R3,900 x 150 – R5,100 p.j.**

| *Indien in besit van:* | Aanvangsalaris |
|---|---|
| Diploma (Argitektuur) | R2,850 p.j. |
| B.Arch. | R3,000 p.j. |
| M.Arch. | R3,150 p.j. |
| Ph.D. of D.Sc. | R3,300 p.j. |

## BESTEKOPMAKER

***Salarisskaal:***
**R2,850 x 150 – R3,300 x 300 – R3,900 x 150 – R5,100 p.j.**

| *Indien in besit van:* | Aanvangsalaris |
|---|---|
| Diploma (Bourekening) | R2,850 p.j. |
| B.Sc. (Bourekening) | R3,000 p.j. |
| M.Sc. (Bourekening) | R3,150 p.j. |
| Ph.D. of D.Sc. | R3,300 p.j. |

## KLERK/GRAAD II

***Salarisskaal:*** **R975 – R1,050 x 150 – R1,800 – R2,100 – R2,250 – R2,400 p.j.**

| *Indien in besit van* | Aanvangsalaris |
|---|---|
| St. X-sertifikaat | R1,200 p.j. |
| Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,800 p.j. |
| Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R2,100 p.j. |
| Magistergraad | R2,250 p.j. |
| Doktorsgraad | R2,400 p.j. |

***Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, kamer 1219, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word***

# Witsies k aai koning tydens saai rugby-intervarsity

**Van tipiese studenterugby was daar voorver lede Saterdag geen sprake nie toe Wits daarin geslaag het om die Pukke met 9-3 te klop. Albei spanne het sonder vuur gespeel en veral die agterlyne het niks probeer doen om die spel meer aantreklik te maak nie.**

**Die rustydtelling van 3—0 was dan ook 'n goeie weergawe van die spel waar Wits meer van hulle geleenthede gebruik gemaak het deur hulle gevaarlike agterlyn te laat loop.**

Die enigste uitblinkers was Koos du Plooy (Puk) en Ken Resnick (Wits) wat vir 'n paar van die min hoogtepunte gesorg het. Vir Wits het heelagter Corbett (strafskop), Alan Menter (skepskop) en vleuel Vogelman (drie) vir die punte gesorg terwyl Gawie Yssel die Pukke se punte aangeteken het met 'n strafskop.

**TWEEDES**

**In 'n meer lewendige wedstryd het Wits se tweedespan die Pukke met 21—13 getrap. Op een stadium was hulle 13—0 voor, dog die Pukke het mooi reggeruk. Eers het Piet Mulder na 'n losskrum oorgeval naby die pale vir 'n drie en daarna het Bertie Fourie 'n strafskop behaal.**

Die telling was op die stadium 16—8 in Wits se guns. Kort hierna het Bertie Fourie na 'n hoë skop die bal mooi uit die lug raakgevat en onder die pale gedruk. In die laaste paar minute het Wits mooi aangeval en die laaste punte aangeteken met 'n drie wat die telling op 21—13 te staan gebring het.

In die tweedespan moet die naam van Piet Mulder uitgesonder word. Hy het reusewerk gedoen.

**Aander uitslae:**

Dawie Dup 18 — Wits (derdes) 5. Over de Voor 15 — Wits (vierdes) 5. Onder 20 A 3 — Wits 0.20 A 23. Onder 20 B 0 — Wits 11. Kompleks 0 — Wits (vyfdes) 11.

## Strathvaal klop sokkerspan 3-1

Teen 'n span wat mege W.-Tvl.-spelers onder hulle geledere gehad het, moes die Pukke voorverlede Saterdag hulle onoorwonne rekord in die liga prysgee. Hulle moes die knie buig voor Strathvaal met 'n telling van 3—1. Die Pukke se enigste doel is aangeteken deur Thys Pretorius.

## Vyf Pukke speel teen Vrystaat

Vyf ondertwintig-spelers van die P.U.-rugbyklub het Wes-Transvaal Saterdag in die wedstryd teen Vrystaat op Welkom verteenwoordig Hulle is: J. Kruger T. Kruger, A. Botha, K. Venter en A. de Bruin.

## Pragdrie



**M. Fogelman, senter van Wits teken 'n pragdrie aan teen die P.U. tydens die Intervarsity wat onlangs plaasgevind het. F. Swart is net te laat om die blitsige senter te keer. Agter is Uys, vleuel van die Witsies.**

**Foto: Dagbreek.**

## Aptekers toon hul staal

Die finale jaar aptekerstudente van die P.U. het onlangs 'n bulspan in die veld gestoot teen die tweedejaar aptekers. In 'n „aanskoulike" wedstryd waar goeie gees nie ontbreek het nie, het die ouer manne die jongeres met 18—5 kafgeloop.

Al die spelers het nie fiks voorgekom nie.

## INTERVARSITY

Rhodes en die P.U. se rugbyspanne speel op 4 Junie teen mekaar in die eerste ronde van die studente se uitklopreeks. Die inligting is deur mnr. Piet Malan Sportdirekteur van die P.U. bekendgemaak.

Die O.P.-rugbybase het ingestem dat die wedstryd op die datum op Olënpark kan plaasvind.

# *Aan die Sportfront*

*deur SPREILIG*

Na die neerlaag van 9—3 teen Wits op 7 Mei jongslede, wil dit voorkom of ons eerste rugbyspan nog steeds op die woestynpad is. Wat veral die neerlaag soveel werkliker gemaak het, was die koerante wat die span as 'n ou man beskryf het wat biltong eet —traag en tydsaam. Dit nadat die grootste gedeelte van die meer as 20,000 toeskouers op Ellispark die Pukke luidkeels ondersteun en aangemoedig het.

As die doemprofete egter die ouderdomme van die twee spanne verkelyk het, sou hulle miskien 'n ander deuntjie gesing het. Die gemiddelde ouderdom van die Pukspan was niks meer as 20 jaar nie, terwyl Wits se span gemiddeld diep in die 20 was. Die Pukspan kwalifiseer byna nog as 'n 0.20-span en is as sulks seker een van die sterkstes in die land.

Dit word al hoe duideliker dat die groot gebrek in die eerstespan die afwesigheid van 'n paar geharde manne is. Daar is genoeg jeugdige uitblinkers soos Koos du Plooy, Jannie Schutte, Johan Kruger en Leon de Bruin. Daarom is dit 'n stap in die regte rigting toe die Bestuur van die Rugbyklub besluit het om by sy lede aan te beveel dat oud-studente ook toegelaat moet word om vir die Klub te speel.

Hierdie stap sal egter niks baat as spreiligte nie so gou as moontlik by die rugbyveld opgerig word nie, sodat die oefening van die eerste en tweede spanne in die middae om 5 uur kan begin en later aanhou as die oefening van die ander spanne nie. Die oudstudente sal natuurlik weens werksomstandighede nie vroeër kan begin oefen nie. Dit sal dit ook vir werkende nagraadse studente moontlik maak om by die Klub aan te sluit. Die vraag bly egter of die Klub baie daarby sal baat omdat 'n minimale aantal oudstudente in die onmiddellike omgewing van Potchefstroom in diens tree. Die ander aanvaar elders betrekkings.

En nou het die Voorsitter van die Rugbyklub, prof. Hertzog Venter, as gevolg van gesondheidsredes en druk werkomstandighede uitgetree nadat hy vir 33 jaar aan die Rugbyklub verbonde was as speler, kaptein, bestuurslid en voorsitter. Hy was een van die min personeellede wat werklik daadwerklik in sport aan die Universiteit belanggestel het. Ons huldig sy besielende meelewing in die Klub se belange en wens hom voorspoed toe op sy verdere lewenspad. Baie dankie Professor, u het 'n kapteinsbeurt gehad!

## DAWIE DU PLESSISHUIS SPEEL NOG WENRUGBY

**Dawie du Plessishuis se rugbyspan is nog steeds onoorwonne en spog met ses punte in die liga. Die span is seker die ligste derdespan in Wes-Transvaal en beskik oor geen individualiste nie, maar hulle speel besielde rugby.**

Dawie Dup het reeds agt wedstryde gespeel. Hulle het 167 punte aangeteken teenoor 37 teen hulle. As hulle hierop voortbou, kan nog groot dinge van hulle hierdie seisoen verwag word.

Dinsdag 10 Mei het die span saam met Dok Briers en sy manne tee gedrink by Over de Voor en terselfdertyd die rugbybande verstewig tussen die twee koshuise.

**OVER DE VOOR**

Over de Voor is self bo-aan die liga en het vanjaar slegs teen Taaibos verloor. Over de Voor is tans die enigste koshuis wat gereeld elke Saterdag twee spanne in die veld stoot.

## WILLIE WEER OORSEE

Nege atlete is verlede week deur die Suid-Afrikaanse Atletiekunie aangewys om later vanjaar 'n afrigtingstoer van drie weke na Europa en Engeland te onderneem Willie Coetzee, kranige hekkiesatleet van die P.U. vir C.H.O. wat onlangs uit Duitsland teruggekeer het, is ook ingesluit.

Die span is: Hannes Botha (kaptein), Willie Coetzee, Tokkie Peters, Paul Nash, Kenny Davis, Peter Rich, Kerneels Uys, Fanie van Zyl en Henk Altman.

Die span vertrek vroeg in Julie en sal op 9 en 10 Julie aan die Britse kampioenskappe deelneem.



**Die Karateklub het onlangs 'n puik vertoning in die gimnastieksaal van die P.U. aangebied. Op die foto hierbo kan gesien word hoe akkuraat die karatekenner kan skop. Die aanvaller se voet mis sy teenstander se ken met minder as 'n duim. By die geleentheid was ook twee Springbokke teenwoordig. Hulle is Andre Viljoen en Corrie Laas.**

# KOVSIES IS REEDS OP WENPAD NA EEN BOTSING

**Die eerste rugbyspan van die Vrystaatse Universiteit het onlangs voor 4,000 toeskouers in die Vrystaat-stadion tot die tweede ronde van die tussen-universitêre uitklopkompetisie deurgedring. Hulle het die Natalse Universiteit in 'n harde, lewendige wedstryd oortuigend met 16—8 geklop.**

Tien van die Kovsies se punte is deur hul knap losskakel, Niek Boje, aangeteken.

Eers as die Kovsies teen Wits te velde getrek het, sal die Pukke hulle posisie vir die Intervarsity teen die Kovsies kan beoordeel.

**LOSSPEL**

Waar die Pukspan moontlik getroef kan word, is in die losspel. Manne soos Coetzen, Steyn en Reinecke van die Kovsies, is uitblinkers op die gebied. As vleuel Ibert Joubert teenoor Dawie Coetzee geplaas word, sal dit die kanse verminder dat hierdie haastige kêrel om die Puk agterlyn kan hardloop.

Met Koos du Plooy op heelagter sal Niek Boje homself beslis moet ken om onder die doelpale piekniek te maak, soos teen die Natalse Universiteit. Sy skopskoen kan baie maklik die wedstryd in die Pukke se guns beklink.


**Of die U.V. se blitsige kantmanne Koekoes Reinecke en Gerrit Coetzer, maklik beheer gaan word, is 'n ander vraag.**


**INSLEEP**

*Waarheen almal sleep*

(Nou ook 'n nuwe sleephoekie bygekry)

**Koshuisbestellings Tel. 6039**



*Nuwe hoekie*



**Mans- en Sportuitrusters**

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

**VEKA**

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp

# EERSTESPAN SPEEL GELYKOP TEEN RUSTENBURGERS

**In 'n pragwedstryd Saterdag het die Pukke teen alle verwagtinge in daarin geslaag om die sterk span van Rustenburg goed in toom te hou en gelykop te speel met 11 punte elk. Die rugbywedstryd het op Rustenburg se tuisveld plaasgevind.**

**Hardlooprugby was aan die orde van die dag en die Rustenburgse toeskouers was dit eens dat dit die mooiste werstryd was wat daar ooit op die veld gespeel is.**

Veral die Pukke se voorspelers verdien lof met die wyse waarop hulle die Rustenburgse pak opgekeil het. Verskeie voorspelerstormlope kon slegs op die Rustenburgse doellyn gestuit word.

Onder die voorspelers moet die name van William Scott, Leon de Bruin en Roelf du Plessis uitgesonder word. Scottie en Leon het geskitter op aanval en verdediging en Roelf was soos 'n rots in die vaste spel.

**GEVAARLIK**

Die beste speler op die veld was sonder twyfel Koos du Plooy. Op heelagter het hy nie 'n voet verkeerd gesit nie, en in die tweede helfte op vleuel, het hy telkens die toeskouers op hul voete gehad met sy gevaarlike lopies.

Bertie Fourie was weer die losskakel van ouds en met goeie diens van Gerrie Snyman kon hy sy agterlyn seepglad wegstuur. Op senter het Frik Swart vir 'n paar mooi breekslae gesorg.

Rustenburg het die eerste punte aangeteken met 'n strafskop deur Teesen en daarna 'n vervyfde drie deur vleuel Cronje. Hierna druk Deon Malan 'n drie wat Gawie Yssel nie kon vervyf nie.

Na rustyd volg sprankelende spel spel aan albei kante. Rustenburg teken weer, met 'n drie deur Cronje, punte aan. Kort hierna volg Koos du Plooy se pragdrie na 'n lopie van 40 tree. Koos du Plooy sorg ook vir die laaste punte van die wedstryd met 'n strafskop van 45 tree.

**GELYKOP**

Die tweedespan het ook gelykop gespeel teen Rustenburg met 8 elk. Vir die tweedes het die kaptein Karel Kirstein en heelagter Schalk Hoogenboezem uitmuntende spel gelewer. Kirstein het 'n netjiese drie behaal, en die res van die punte is deur Hoogenboezem met 'n straf- en vervyfskop behaal.

**DERDES**

In die ander voorwedstryde het Dawie Dup byna sy onoorwonne rekord prysgegee toe hulle gelykop moes speel teen Rustenburg se derdes. Slegs in die laaste paar minute kon hulle daarin slaag om die neerlaag af te weer. Die telling was ses punte

**WENSPAN**

**Over de Voor het met oop en aanskoulike rugby die enigste oorwinning van die dag behaal. Hulle het Rustenburg se vierdespan met 19-0 kafgedraf.**



**Jannie Schutte wat weer Saterdag puik spel vir Wes-Transvaal teen die Vrystaat gelewer het. Rugbykenners voel glo ontevrede omdat hy nie in die span van die Noordelike Universiteite opgeneem is nie. Die span het Saterdag 'n loesing van 22-11 op die lyf geloop. Geen Pukke was by die span ingesluit nie.**

**Jannie Schutte is ingesluit in die gekombineerde span van die res van Transvaal wat Saterdag teen Noord-Transvaal speel.**

**Foto: Mac. v.d. Merwe**

## PUIK TENNIS OP TOERNOOI

Al drie die Pukke wat onlangs die kwarteindrondtes van die W-Tvl. se tenniskampioenskappe bereik het, is verlede Saterdag uitgeskakel.

In die enkelspel halfeindrondtes moes Lappies Labuschagne die knie buig teen M. Simpson met die telling 1-6, 5-7, 6-0, 6-2, 6—0 Dawie Smith en Theo Malan het die mansdubbelspel verloor teen A. Makink en H. van Wyk. die telling was 4—6, 12—10, 6—3.



**Chris Coetzer (regs) en Sasol Moens tydens 'n sokkerwedstryd van die eerste span. Albei die spelers is opgeneem in die Wes-Transvaalse sokkerspan.**

**Foto: Fotokuns.**

# Eerstejaars oorheers die tenniskampioenskappe

**Die tenniskampioenskappe het op 'n hoë noot geëindig nadat verskillende eerstejaars in bykans elke afdeling die betoon gevoer het.**

In die mans enkelspel verslaan Piet Mitchell vir Dawie Smith. Dit is die enigste finale spel waarby nie 'n eerstejaar betrokke was nie.

**Na 'n verwoede stryd tussen Althia van Loggerenberg en Stella Venter in die dames-enkelspel het Althia eindelik die wenpunt aangeteken.**

In die dubbelspel vir mans wen Piet Mitchell en Christo van der Walt vir Dawie Smith en Theo Malan.

Die dames dubbelspelkampioene van die P.U. is die twee eerstejaars Althia van Loggerenberg en Christine Hudson, wat 'n oorwinning behaal het oor Stella Venter en Susan Aucamp.

Na 'n titaniese stryd het Christo van der Walt en Ria Smit in die gemengde dubbelspel geslaag om in die afdeling die nuwe P.U.-kampioene te word. Hulle het vir Theo Malan en Susan Aucamp die loef afgesteek.

**SENIORS**

Die tennis was deurgaans van 'n hoë gehalte. Met uitsondering van twee of drie seniors was al die spelers in die finale eerstejaarstudente. Dawie Smith het nie met sy kenmerkende spel vorendag gekom nie, maar hy sal hopelik sy ou vorm gou weer herwin.

Na die toernooi is 'n gesellige braaivleis gehou waartydens die wenners van die verskillende afdelings elk 'n trofee, geskenk deur die Pepsi Cola maatskappy, ontvang het.

## Onderwyskollege op eie werf aangedurf

Met twee sokkerspanne, twee korfbalspanne en 'n stoeispan is die Pukke op Saterdag 7 Mei, na Pretoria waar hulle teen N.K.P. te velde getrek het.

Die P.U. se eerste sokkerspan is deur N.K.P. die loef afgesteek met vier doele teenoor die een. Thys Pretorius was verantwoordelik vir die enkele doel wat P.U.-span aangeteken het.

Die tweede span het die aspirant onderwysers met 3-1 verslaan.

Die eerste en tweede korfbalspanne moes ook onderskeidelik tevrede wees om tweede plek in te neem na N.K.P..

Die puntestand was 60-38 en 41-27 onderskeidelik.

**Die P.U. se stoeispan het hard gepoog om die agterstand teen N.K.P. uit te wis en hulle slaag om met nege gevegte teen drie te seëvier.**

# GOEIE JUDO GELEWER IN KAMPIOENSKAPPE

**Tydens die onlangse Judo-kampioenskappe wat by die Potchefstroomse Onderwyskollege plaasgevind het, het verskeie Pukke goed vertoon.**

Klubs van oor die hele Transvaal het deelgeneem. Dieselfde aand het 'n span van Wes Transvaal te staan gekom teen 'n gekombineerde Transvaalse span. Die Mielieboere het die kompetisie met 4-3 gewen.

Steve van der Walt en Martin Roode het vir Wes-Transvaal deelgeneem, terwyl „Soapy" Williams in die Transvaalse span opgeneem is.

Sewe lede van die P.U.-Judoklub het gordels ontvang tydens die onlangse gradering. Hulle is Steve van der Walt (bruin), Neville Goodchild (oranje), Japie de Villiers (geel), en Thys Lourens (groen). Die dames wat gordels ontvang het, was Petra Opperman (wit), Johanna du Plessis (wit), en Lieschen Rautenbach (geel).

## Stoeiers speel baas oor Witsies

Met die Stoei-Intervarsity wat Vrydagaand teen Wits plaasgevind het, het die Pukke weer eens daarin geslaag om met die Witsies af te reken. P.U. het vyf gevegte teenoor die drie van Wits gewen.

Die stoeispan moes sonder 'n paar van sy gereelde staatmakers klaarkom as gevolg van beserings maar netjiese stoei gelewer deur manne soos Jan Oosthuizen, Johan Boshoff, Dirk Bosman, Smittie Smit en Johan Preller het vir die vyf oorwinnings gesorg.

Johan Schutte het in 'n vriendskaplike geverg met 'n baie swaarder opponent afgereken.

## Popeye afrigter

Popeye Strydom, kranige klein Springbokskrumskakel van 'n paar jaar gelede, is onlangs aangestel as rugbyafrigter van die Universiteit Port Elizabeth. Hy is ook verkies tot nuwe O.P.-keurder.

# Landlopers vertoon goed tydens ligabyeenkoms

**Die P.U.-landloopspan het onlangs hulle eerste ligabyeenkoms, wat op Potchefstroom gehou is, oortuigend gewen. Afgesien daarvan dat landloop al hoe meer populêr word, ook by ander universiteite, blyk dit dat die P.U. vanjaar een van die sterkste spanne op die gebied die veld gaan instoot.**

Die A-span het in die volgorde geeïndig: Dewald Steyn, George Müldner, Fanus Heystek, Neels Smit en Piet Bredenkamp.


**ONDERWYSER**

Dewald Steyn het daarin geslaag om die Wes-Transvaalse veteraan, Wim Jansen, lenige onderwyser van Lichtenburg, oortuigend te klop.

Meer as sestig landlopers het oor die roete van ses myl meegeding. In die damesafdeling was daar ongeveer twintig atlete wat hulle roete van 1½ myl aangepak het. Soos gewoonlik het Sarie van der Westhuizen van Stilfontein, eerste geeïndig.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria


Dit is die snit wat tel . . .
* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies
J. Tod Suttie
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411